**NG Kerk Kathu: Verklaring rakende selfdegeslagverhoudings**

Ná die 2015-besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings het die Sentrale Kerkraad van NG Kerk Kathu besluit om op ’n geloofsonderskeidende reis te gaan ten einde beter te verstaan wat dit behels, wat die Woord daaroor sê, en wat die belewenis van homoseksuele persone en families is.

In 2019 bevestig die Algemene Sinode die reg van kerkrade om hulle eie standpunte en praktyke te formuleer rondom selfdegeslagverbintenisse en dien in ’n amp. Die kerkraad het besluit om die saak in diepte te bespreek ten einde by ’n besluit uit te kom.

Die volgende proses is gevolg:

1. ’n Oop en eerlike gesprek waar elke kerkraadslid sy/haar mening oor die saak kon gee.
2. Die gemeente is per brief gevra vir hulle insette. Ons het 23 briewe van lidmate ontvang.
3. Daar is twee geleenthede ná bepaalde eredienste gegee waar lidmate mondelings hulle mening met kerkraadslede kon deel.
4. Die kerkraad het hierna weer elkeen geleentheid gekry om aan die hand van Bybeltekste en Skrifinterpretasie sy/haar finale mening oor die saak te gee.

Ná afloop van bogenoemde proses deel ons dan die Kerkraad se besluit met u as lidmaat.

**Besluit:**

Die Sentrale Kerkraad van NG Kerk Kathu het met ’n meerderheidstem besluit:

1. Om nie selfdegeslagverbintenisse te voltrek nie.
2. Persone in selfdegeslagverhoudings mag nie ampte in die gemeente beklee nie.

**Uitnodiging:**

Ons is pynlik bewus daarvan dat geen besluit wat die kerkraad omtrent hierdie saak sal neem, vir alle lidmate van die gemeente aanvaarbaar sal wees nie. Ons nooi steeds lidmate uit om met die kerkraad en leraars hieroor in gesprek te bly.

Ons herinner mekaar daaraan dat die integriteit van medegelowiges altyd gerespekteer moet word, al verskil ons in standpunte van mekaar. Mag ons steeds nader aan mekaar en nader aan God groei!